

DIE INTERAFHANKLIKHEID VAN 'N HOË GROEIKOERS EN 'N BILLIKE
VERDELING VAN GELEENTHEDE OOR DIE LANGTERMYN

S J Terreblanche

n.d

Die Amerikaanse ekonoom, Arthur Okun, het in 1975 'n merkwaardige boek met 'n veelseggende titel gepubliseer: "Equality and Efficiency - The Big Trade-off".

Okun is heeltemal in die kol wanneer hy die afruiling tussen (redelike) Gelykheid (of Billike Geleentheid) en Doeltreffendheid (of Hoë Ekonomiese Groei) as die groot, die moeilike en die belangrike afruiling bestempel.

Terwyl (redelike) Gelykheid en Doeltreffendheid - ofte wel BILLIKHEID en GROEI - op die korttermyn dikwels in 'n botsende verhouding teenoor mekaar staan en 'n (pynlike) afruiling onvermydelik maak, is dit op die lang termyn slegs moontlik om die welvaart van die totale bevolking te bevorder as sowel Billikheid as Groei gelyktydig en deurlopend bevorder word. Terwyl Billikheid en Groei op die korttermyn bots, is (groeierende) Billikheid en (volgehoue) Groei op die langtermyn inderdaad so interafhanklik dat die een op die langtermyn nie haalbaar is sonder die ander een nie. Dit is die harde les wat geleer moet word deur diegene wat alewig probeer voorgee dat 'n ekonomiese "koek" nooit groot genoeg is om billiker "opgesny" te word nie.

Vanweë die botsende verhouding tussen Billikheid en Groei op die korttermyn móét die een meesal doelbewus bo die ander een verkies word. Afhangende van omstandighede moet (redelike) Gelykheid (= Billike Geleentheid) dikwels verkies word bo Doeltreffendheid (= 'n Hoë Groeikoers) en andersom - hoe pynlik dit ookal soms mag wees.

Vanweë die langtermyn interafhanklikheid tussen Groei en Billikheid is dit van deurslaggewende belang dat dit nie altyd dieselfde een is wat op korttermyn voorrang sal geniet nie. Indien

Groei bv. chronies voorrang geniet - óók wanneer dit nie voorrang behoort te geniet nie - kan die geakkumuleerde effek van sodanige verkeerde korttermyn afruilings tot gevolg hê dat die verdeling van inkome en geleenthede so onbillik en onregverdig raak dat die stabiliteit en legitimiteit van die politieke én die ekonomiese stelsels mettertyd in die gedrang kom en die groeivermoë van die ekonomie ondermyn word.

Net so kan afruilings oor die korttermyn wat chronies aan Billikheid oordrewe voorrang gee - óók wanneer dit nie behoort te gebeur nie - die geakkumuleerde effek hê dat die ekonomiese groei so gestrem kan word dat verdere pogings om Billikheid te bevorder hopeloos sal faal.

Maar selfs al sou Ekonomie op elke bepaalde tydstip die korrekte advies gee oor hoe die onmiddellike afruiling russen die botsende (korttermyn) doelstellings van Groei en Billikheid behoort te geskied, is dit tog nie die professionele advies wat bepaal hoe die werklike afruiling telkens gaan plaasvind nie. Die werklike afruiling tussen botsende korttermyn doelstellings word deur die balans van die gesamentlike ekonomiese en politieke magstrukture bepaal - d.w.s. deur die MAG wat in die ekonomiese struktuur ingebed is (en in die ontplooiing van vraag en aanbod op die baie markte tot ontplooiing kom) én deur die MAG wat in die heersende politieke stelsel ingebed is (en wat deur verkiesings en in (parlementêre) besluitneming tot ontplooiing kom).

(Dit is bitter jammer dat die rol wat die ekonomiese en die politieke magsfaktore in die ekonomie speel so erg in die ekonomiese debat in Suid-Afrika verwaarloos is. Dit is 'n ongelukkige erfstuk van Britse "mainstream economics" van die 19de eeu. Die "vryemarkfilosofie" abstraheer van die "magsfaktore" en probeer voorgee dat markkragte neutraal en goedgebalanseer is en 'n heilsame ewewig bewerkstellig! (Sela!) Dit mag mooi klink maar is baie onwerklik. Dit is 'n baie oneerlike propaganda truuk. Die feit dat byna almal nou (in reaksie op mnr Mandela se oproep tot ekonomiese herstrukturering) die

rol wat "skewe" magskonsentrasies speel, erken, kan darem een heilsame effek hê: The Freemarketeers ought to realise that their game is up!!)

Dit is moontlik dat mag in sowel die ekonomiese as die politieke strukture op so 'n eenerses manier "skeef" ingebed kan wees, dat die korttermyn afruilings tussen Groei en Billikheid chronies ten gunste van sê Groei en ten koste van Billikheid kan gebeur met baie nadelige langtermyn gevolge.

'n Goeie voorbeeld van sodanige ekonomiese en politieke magstrukture was Brittanje in die 100 jaar tussen die Napoleontiese oorloë en die Eerste Wêreldoorlog. Die Laissez-faire Kapitalisme was so gestruktureer dat die ekonomiese mag in die hande van die klein opkomende industriële bourgeoisie was wat (in ooreenstemming met die patroon wat David Ricardo voorgeskryf het) op internasionale vryhandel, lae grondrentes, goedkoop koring en onderhoudslone (minimum lone) aanspraak gemaak het sodat baie hoë profyte gemaak kon word ter wille van herbelegging.

Die nie-verteenwoordigende Britse parlement is (ten spyte van die grondwetlike hervorming wat wel plaasgevind het) óók deur die industriële bourgeoisie beheer. In ooreenstemming met Ricardo se voorskrifte is die Arm- en Koringwette afgeskaf, onderwys op 'n growwe wyse verwaarloos en koloniale en Laissez-faire beleid is gevolg wat die belange van die klein groepie maghebbers gedien het. Mag was gedurende daardie 100 jaar op so 'n wyse in die ekonomiese en politieke strukture van Brittanje ingebed dat Groei nie alleen chronies maar ook oordrewe voorrang bo Billikheid gekry het!

Vir vyftig jaar lank (tot [†] 1870) het hierdie "skewe" ekonomiese en politieke strukture en die eensydige afruiling ten gunste van Groei die gewenste groei-effek gehad, maar teen 'n baie hoë sosiale prys van groeiende armoede en ongeskooldheid. Ter versagting kan ons aanvoer dat Brittanje destyds die industriële pionier was en selfs die fondse vir beleggings moes genereer.

Ná 1870 het die "skewe" magstrukture in Brittanje en die "een-sydige" afruiling wreed begin boemerang. In die vyftig jaar vóór die Eerste Wêreldoorlog, is Brittanje se "skewe" magstrukture gehandhaaf, die Laissez-faire beleid is voortgesit en Groei het steeds oordrewe voorrang bo Billikheid gekry maar die Britse groeikoers het begin afneem.

Gedurende dieselfde tydperk het Duitsland en die VSA geensins 'n Laissez-faire beleid toegepas nie en was die ekonomiese en politieke lewe aldaar so georganiseer dat 'n gesofistikeerde ontwikkelingstrategie gevolg is, terwyl heelwat gelyker geleenthede vir die breë bevolking geskep is as wat destyds die geval in Brittanje was. In die vyftig jaar voor die Eerste Wêreldoorlog het Brittanje 'n groot ekonomiese prys betaal vir haar "skewe" magstrukture en vir die chroniese afruiling ten gunste van Groei. In dié vyftig jaar het Brittanje se industriële potensiaal (welliswaar van 'n hoër basis bereken) verdubbel, terwyl Duitsland s'n sewevoudig verdubbel het en die VSA s'n sesvoudig verdubbel het. Die groeikoers van lg. twee lande was dan ook byna dubbeld dié van Brittanje in hierdie tydperk.

Watter maatstaf 'n mens ookal aanlê, die relatiewe ekonomiese agteruitgang van Brittanje in daardie vyftig jaar as gevolg van "skewe" ekonomiese en politieke magstrukture en 'n verwaarloosing van die Billikheidsdoelstelling (en 'n onderbesteding aan onderwys) kan nie betwyfel word nie.

Die Oosbloklande is sprekende voorbeelde van lande waar die mag in sowel ekonomiese en politieke strukture in die na-oorlogse tydperk so "skeef" ingebed is, dat daar chronies gepoog is om voorrang aan Billikheid bo Groei te gee. Dit het op die ou end tot stagnasie en tot allerhande (verskuilde) ongelykhede in die verdeling van inkome aanleiding gegee. Dieselfde het in baie Derde Wêreldlande ná onafhanklikheid gebeur.

Ons sou ook voorbeelde kan gee waar mag in die ekonomiese struktuur so ingebed is dat dit geneig is om steeds Groei voor te trek, maar waar die mag in die politieke struktuur (danksy egte demokrasie) so ingebed geraak het dat dit Billikheid as't ware tot sy reg laat kom. Die groot sukses wat die meeste

Westerse lande in die tydperk ná die Tweede Wêreldoorlog behaal het in die bevordering van sosiale welvaart kan toegeskryf word aan (kapitalistiese) ekonomiese magstrukture wat steeds geneig is om Groei te beklemtoon terwyl die (volksdemokratiese) politieke strukture op sy beurt geneig is om Billikheid te beklemtoon en só die nodige balans te herstel.

Die suksesverhaal van hierdie lande oor byna vyf dekades demonstreer duidelik die altyd teenwoordige botsende verhouding tussen die Groei- en Billikheidsdoelstellings oor die korttermyn, die noodsaaklikheid van 'n volgehoue "fine tuning" om deurlopende gesonde afruilings tussen Groei en Billikheid te bewerkstellig, asook die noue interafhanklikheid tussen (volgehoue) Groei en (Groeiende) Billikheid op die langtermyn.

Hoe lyk die ekonomiese en politieke magstrukture in Suid-Afrika en hoe het dit in die loop van hierdie eeu die korttermyn afruilings tussen Groei en Billikheid beïnvloed en wat was die langtermyn gevolge daarvan?

'n Uitstaande kenmerk van die Suid-Afrikaanse samelewingspatroon is die bykans volledige monopolisering van ekonomiese én politieke mag in die hande van die klein persentasie blankes. Die ekonomiese mag is tot 'n groot hoogte in die hande van die English establishment saamgetrek. In die eerste helfte van die eeu het hierdie establishment - met die uitsondering van 9 jaar - ook die politieke mag beheer maar sedert 1948 word dit deur die Afrikaner establishment beheer.

Die ekonomiese en politieke magkonsentrasie in Suid-Afrika het - net soos in Brittanje in die 19de eeu - tot gevolg gehad dat daar chronies en op oordrewe wyse voorrang aan Groei bo Billikheid verleen is. In die eerste helfte van die eeu is die verarming waaraan landelike Afrikaners toe onderworpe was, ook relatief verwaarloos, maar in die afgelope 40 jaar is oorgekompenseer (met groter Billikheid vir Afrikaners) vir dié relatiewe verwaarlosing en het die Afrikaners verwen geraak deur te vinnig te ryk te raak!

Interessant genoeg het die oordrewe ekonomiese en politieke magskonsentrasie en die chroniese bevoordeling van Groei ten koste van Billikheid (teenoor die 85 persent anderskleuriges) daartoe gelei dat (net soos in Brittanje in die 19de eeu) Suid-Afrika vir 70 jaar daarin kon slaag om (teen baie hoë sosiale koste) 'n redelik hoë groeikoers te handhaaf, voordat die growwe verwaarlosing van Billikheid 'n boemerang-effek op die groei-vermoë begin uitoefen het.

Net soos daar versagtende argumente vir Brittanje se eensydige oorbeklemtoning van Groei in die 19de eeu aangevoer kan word, so kan daar ook versagtende omstandighede vir die ooreenstemmende strategie in Suid-Afrika in die 20ste eeu aangevoer word. Suid-Afrika is 'n relatief onontwikkelde land wat boonop relatief arm is aan natuurlike hulpbronne.

Vir 'n groot deel van die eeu kon goud en mielies net winsgewend in Suid-Afrika geproduseer word deur van goedkoop (én gebonde) Swartarbeid gebruik te maak. In 1970 was die reële lone van Swart trekarbeiders op die goudmyne laer as wat dit in 1910 was! Vanweë die wêreldoorloë en die onstabiliteit in die tussenoorlogse tydperk moes Suid-Afrika (byna net soos Brittanje in die 19de eeu) 'n groot deel van die belegbare fondse uit eie bronne genereer - en die magsfaktore het tot gevolg gehad dat anderskleuriges deels daarvoor moes opdok!

In die afgelope 16 jaar het die "skewe" magskonsentrasie en die volharding met die benadering wat aan Groei chronies en oordrewe voorrang verleen het, op 'n wreed en genadelose wyse geboemerang! Vanweë die onbillike bestel wat vir 100 jaar lank vir Swartmense gehandhaaf is (ten spyte van marginale toegewings aan 'n deel van die anderskleuriges in die sewentiger- en tagtigerjare), het daar teen die middel van die sewentigerjare soveel binnelandse stabiliteits- en legitimiteitsprobleme ontstaan en het die apartheidsregime so 'n verleentheid vir voortgesette handel en belegging vir Westerse lande geword dat omstandighede ontstaan (en strafmaatreëls getref is) dat dit hoegenaamd nie meer moontlik was om voortgesette hoë

ekonomiese groei te handhaaf nie. Net soos die verwaarlosing van Billikheid in 19de eeuse Brittanje ná 1870 'n teenreaksie aldaar ontlok het, net so het dit ook ná 1973 'n teenreaksie in Suid-Afrika ontlok, maar net op 'n meer intensiewe skaal.

Oor die afgelope 16 jaar het die reële **per capita**-inkome met sowat 15 persent gedaal en het inkome, eiendom en geleenthede al hoe ongelyker en onbilliker verdeel geraak. Die bestaande ongelyke (mag)strukture het tot gevolg gehad dat 'n groot deel van die "kruipende" (strukturele) armoede op die onderste helfte van die hoofsaaklik werklose Swartmense afgewentel is. Gevolglik staan onverdiende (wit) rykdom nou soveel skerper teenoor onverdiende (Swart) armoede as sê 40 jaar gelede! In plaas van 'n onderling versterkende inter-afhanklikheid tussen Groei en Billikheid oor die langtermyn, het Suid-Afrika vanweë "skewe" ekonomiese en politieke magstrukture ná 1973 in 'n bose kringloop van 'n onderling versterkende wisselwerking tussen (sekulêre) Stagnasie en (strukturele) Ongelykheid beland!

Die dringende noodsaaklikheid van ekonomiese en politieke herstrukturering en 'n demokratisering van ons ekonomiese en politieke stelsel, kan nie meer bevraagteken word nie. As eerste stap sou ons kan probeer om groter Billikheid vir die swart meerderheid te skep, maar dit is kwalik moontlik in die situasie van negatiewe "Groei" of sekulêre stagnasie. Dit wat oor 'n tydperk van 90 jaar verbrou is, kan ongelukkig nie in 10 jaar reggestel word nie - veral nie 'n toestand van sekulêre stagnasie nie.

Die vraag kan gevra word of daar aan 'n herstrukturering van die ekonomiese of die politieke stelsel voorrang gegee behoort te word. Vanweë die noue verstrengeldheid van die twee stelsels en die magpatrone - én vanweë die onhoudbaarheid van die oordrewe mags- en rykdomskonsentrasies - is dit nie 'n operasionele vraag nie. Albei sal gelyktydig gedemokratiseer móét word. Is dit moontlik? Dit gaan haas onmoontlik blyk te wees, tensy 'n groot invloed van buitelandse kapitaal 'n hoë groeikoers haalbaar maak.

Wat staan ons dan te doen? Ons het geen keuse as om geloofwaardige

en toepaslike prosesse ter wille van die herstrukturering van die ekonomiese én die politieke stelsels so gou as moontlik aan die gang te kry en om maar net te hoop en te bid dat die buiteland nie net sanksies sal ophef nie, maar óók op 'n groot skaal in Suid-Afrika sal (her)belê om die geknakte en stagnante ekonomie weer op gang te kry. Dit sal ramspoedig wees as ons met toepaslike hervorming slaag en sanksies word opgehef ... maar die nodige toevloei van buitelandse kapitaal vind nie plaas nie!

Indien ons nie daarin gaan slaag om die nodige buitelandse kapitaal te lok nie, gaan ons moeilik bevry raak uit die strukturele greep (of bese kringloop) waarin (Afrikaans- én Engels-sprekende) blanke Suid-Afrikaners - met hul selfsugtige en kortsigtige apartheidsbeleid, met hulle mag- en rykdomsbeheptheid en met hul misplaasde 19de eeuse ekonomiese filosofie - hierdie land gedompel het!